Gimmie Griffie

8 Februarie 2019
Webtuiste: www.gimmies.co.za ***Uitgawe: 5***

GEAGTE OUERS

Sterkte aan al die atlete en die sangspan met Saterdag se Interhoër. Dankie aan elke atleet wat getrou geoefen het. Mag dit waarlik 'n suksesvolle dag wees waar elkeen net sy/haar beste lewer.

Ouers is reeds verlede jaar in kennis gestel van meriete-korting vir leerders wat presteer het op akademiese-, sport- en kultuurgebied. By gr. 8-leerders word leierskap ook in ag geneem. Daar is ook vorms vir skoolfondsverligting beskikbaar. Vorms vir bogenoemde is by me. Gerda Badenhorst (gerda@gimmies.co.za) verkrygbaar en moet voor einde Februarie by haar ingehandig word.

Die skool sluit môre reeds om 13:15. Leerders wat Saterdag as toeskouers Interhoër toe gaan, moet skoolklere aantrek.

Gimmie-groete

RA Oosthuizen

WINTERSPORT

Wintersportoefeninge begin op Maandag 11 Februarie.

Verdere inligting soos oefentye sal deur die onderskeie sportorganiseerders deurgegee word.

DAGBOEK

Maandag 11 Februarie
Gholf: Liga 2 (Rustenburg)
Wintersport: oefeninge begin (slegs nie-atlete)
Vergadering: Sportkomitee
Vergadering: Fondswerwing

Woensdag 13 Februarie
Atletiek: TUKS Top 10
Kooroefening (18:00 – 20:00)

Donderdag 14 Februarie
Valbal (18:00 – 22:00)
Vergadering: Finansiële komitee

Vrydag 15 Februarie
Krieket: T20 – Volkies (PUK)

Saterdag 16 Februarie
POSSA
Krieket: T20 Finaal

KRIEKET

Baie geluk aan die volgende drie seuns wat vir die Noordwes o/17-uitnodigingspan gekies is wat op 8 Februarie teen Suid-Afrika se vrouespan gaan speel.

- Junior Mathe
- Dylan Niemack
- Caleb Seleka

Baie geluk en geniet dit!

ATLETIEK

Baie geluk aan al die Gimmies wat Saterdag by die Gimmie-Prestige byeenkoms deelgeneem het. Dankie ook aan al die personeel wat betrokke was by dié dag.

Die volgende leerders het meer as 1 000 punte op die ABSA-tabel behaal:

- Armand Willemse
- Lee-Ann Grobbelaar
- Danielle Verster
- Karmen Fouché

Die volgende leerders het meer as 900 punte op die ABSA-tabel behaal:

- Phemelo Molale x3
- Richter van der Merwe
- Tiaan van Zyl
- Petra Steinmann
- Juné Roode
- Wiané Joubert

Die volgende leerders het Gimmie-Prestige-rekords gebreek:

- Phemelo Molale x3
- Karmen Fouché x2
- Armand Willemse
- Lee-Ann Grobbelaar
- Danielle Verster
- Wiané Joubert

Julle hou Gimmies se naam hoog!!!

SWEM

Baie geluk aan die volgende swemmers wat die afgelope naweek aan die NTS-uitnodigingsgala in Pretoria deelgeneem het.

Chazél Orton:
100m rugslag – 3de plek
400m IM – 3de plek

Tiaan Rossouw:
50m vryslag – 2de plek

Theo Ferreira:
100m vlinderslag – 2de plek
100m vryslag – 3de plek

William Slaughter:
100m kruipslag – 2de plek
100m rugslag – 3de plek

ATKV-DEBAT

Die uitdunne om vanjaar se debatspanne te bepaal, sal op Woensdagaand 13 Februarie 2019 in kamer 35 plaasvind. Die leerders wat aangedui het dat hulle hierdie jaar aan debat wil deelneem, moet op die volgende tye aanmeld:

Graad 8 en 9: 18:00
Graad 10 – 12: 18:30

Leerders moet ‘n KORT toespraak (EEN minuut lank) voorberei waarin slegs EEN argument vir of teen die onderstaande onderwerp gelewer word. Die argument moet deur ‘n geloofwaardige bron gestaaf word.

Onderwerp graad 8 en 9:
Leerders moet toegelaat word om toetse en eksamens elektronies (op rekenaars of tablette) af te lê.

Onderwerp graad 10 – 12:
Die vak Lewensoriëntering moet deur Geskiedenis vervang word.

Enige navrae kan aan mev. Julie de Lange gerig word.

“Dis ’n FEES om ’n GIMMIE te wees!”

ATKV-REDENAARS

Veels geluk aan die volgende leerders wat vir vanjaar se redenaarspanne gekies is:

Juniors Voorbereid:
- Philip Human
- Ilané Herbst
- Abigail Wentzel
- Nadia du Toit
- Shané Snijman

Juniors Onvoorbereid:
- Elsabé Potgieter
- Kiara Kirsten
- Riandi Boshoff
- Anica Ueckermann
- CF Deacon

Seniors Voorbereid:
- Ruandi van Dyk
- Juné Holm
- Lize van der Westhuizen
- Wiehan Jonker
- Klaradyn Theron
- Lara Badenhorst

Seniors Onvoorbereid:
- Michelle Hammann
- Reuben Smit
- JC van Wyk
- Francois Wiid
- Hallé Swartz
- William Barclay-Beuthin

Die eerste uitdunrondte vind op Donderdag 2 Mei 2019 by Hoërskool Wolmaransstad plaas.

PAWS

Baie dankie vir almal se oop hand met ons *PAWS*-projek. Ons is dankbaar vir elke bydrae wat van hierdie projek ’n groot sukses gemaak het.

P.A.W.S

MNR EN MEJ GIMMIE

Baie geluk aan 2019 se Mnr. en Mej. Gimmie, Zander Kirstein en Kaila Lamprecht!

Mnr. Gimmie 2de prins - Vian Terblanche
Mnr. Gimme 1ste prins - Benic van Onselen
Mej. Gimme 2de prinses - Aimee Jantjies
Mej. Gimmie 1ste prinses - Koketso Chigazana

Mnr. Gimmie-junior, word gedeel deur Janco Mouton en Roan Cronje. Mej. Gimmie- junior, is Nadia Ouwencamp.

Mnr. Gimmie 2de prins - Bernard Kock
Mnr. Gimmie 1ste prins - Hendrik Nel
Mej. Gimmie 2de prinses - Lieschen Beuken
Mej. Gimmie 1ste prinses - Laura Kruger

Tiaan Brandt en Mia Schutte was aangewys as Mnr. en Mej. Persoonlikheid. Baie geluk!

Baie dankie aan die betrokke personeel wat deel van die aand se reëlings was. Dit was voorwaar ’n spoggerige geleentheid. Dankie ook aan ons gasaanbieder, Sean van Noordwyk!

“Dis ’n FEES om ’n GIMMIE te wees!”

ALGEMEEN

Die volgende Gimmie-leerders is as lede van die Noordwes-Jeugorkes gekies.

- Bernice Klopper (Konsertmeester; Viool 1; afdelingsleier)
- Elandri Vorster (Viool 1)
- Rika Goede (Viool 1)
- Annemarie Hoffman (Viool 2; afdelings-leier)
- Jürgen Peters (Viola)
- Minet Beukes (Tjello)

Hierdie leerders sal gedurende 2019 by verskeie konserte betrokke wees onder andere die Vaalparkkonsert, Huis Eikelaan konsert, Klerksdorp konsert en Potch Klassieke konsert.

Weereens ‘n bewys dat Gimmies op alle gebiede uitblink.